

RETORIEK IN DIE VROEG-CHRISTELIKE LATYNSE KERK IN DIE WESTE

D J Coetzee¹

OPSOMMING

Die kulturele wêreld waarin die Christendom sy verskyning gemaak het was 'n wêreld waarin die welluidende woord en gevatheid van segswyse, soos aan-geleer in die retoriese skole, die hoogste prioriteit geniet het. Die letterkundige vorm van die Skrif het aan hierdie norme ver tekort geskiet. By vele geletterde Christene het daar 'n gewetenstryd ontstaan of daar by die verkondiging van die Evangelie van die retoriek of kommunikasiewetenskap van hul tyd gebruik gemaak mag word. Alhoewel ook Christen-geleerdes retoriese onderrig ondergaan het, was die wortels van die retoriek diep gegrond in die profane literatuur wat vir die Christen onaanvaarbaar was.

SUMMARY

Rhetoric in the early Christian Latin church in the West

The cultural world wherein Christianity came into being was a world that put all emphasis on the beauty of the word and skillful expression as it was taught in the rhetorical schools. The literary form of The Scriptures did not satisfy these demands at all. In the minds of many an educated Christian there arose a conscientious struggle as to whether it was permitted to preach the Gospel by making use of rhetoric, i.e. the science of communication of their day. Although educated Christians had also studied in the rhetorical schools, the roots of rhetoric were deeply founded in classical, profane literature, the contents of which were unacceptable for Christians.

1. INLEIDEND

Die kerkvader Hieronymus, aan wie die Latynse vertaling van die Nuwe Testament (*Vulgata*) te danke is, was seker die mees geletterde onder die Christelike Latynse skrywers. In die *Oxford Latin Dictionary* (p.427) word hy dan ook soos volg in dié verband uitgesonder: "Of all Christian Latin writers

1 Dr. D. J. Coetzee, Dept. Latyn, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

Jerome most closely approaches the standard of classical purity ... he had absorbed Cicero, Virgil, Horace ..." In hierdie kerkvader se *Epistula* 22,30,1-6 e.v., gerig aan een van sy dissipels, Julia Eustochium, raai hy haar ten sterkste daarvan af om klassieke profane literatuur te lees. As argument hou hy sy uitsonderlike ervaring in 372 op pad na die Ooste aan haar voor. Op daardie stadium was hy op weg na die Ooste om hom daar as askeet ten volle aan die Christelike geloof te wy. Dodelik siek weens koors, het hy gedroom hoe die Here hom voor die regterstoel daag. Toe hy bely het dat hy 'n Christen was, moes hy die verdoemende oordeel aanhoor dat hy nie die waarheid praat nie, aangesien hy in werklikheid, weens sy liefde vir die klassieke literatuur, 'n Ciceronianer was en dat sy hart daar was waar sy skat was ("Ciceronianus es, non Christianus; ubi thesaurus tuus, ibi et cor tuum"). Nadat hy (in sy droom), gegesel is, neem hy 'n eed dat as hy ooit weer profane literatuur onder hande sou neem en dit sou lees, dan sou dit neerkom op 'n verloëning van die Here ("domine, si umquam habuero codices saeculares, si legero, te negavi").

Al mag die egtheid van hierdie droom van Hieronymus, wat later in verskeie variasies deur middeleeuse monnike nagedroom is,² onder verdenking staan,³ is die gewetenstryd daarin vervat nogtans tiperend van die stryd wat daar in die gemoed van menige geleterde Christen moes woed in die vroeë Christelike kerk toe daar ná die apostoliese tydperk letterkundig met die Skrif en Skrifwaarhede omgegaan moes word. Die stryd wat homself hier manifesteer, is een van die vroegste konfrontasies tussen die Christelike kerk en die wetenskap. Die geleterde Christen het naamlik voor die vraag te staan gekom of hy, by die verdediging en uitdra van die eenvoudige Evangelieboodskap, gebruik kon maak van die retoriese kommunikasiewetenskap met sy wortels so diep veranker in die profane literatuur.

- 2 Vergelyk onder andere die droom van Caesarius van Arles (± 542), soos aangehaal by Hagendahl (1983:91) uit die *Vita Caesarii* 1,18: "terribili visione percullitur ... quod lumen regulae salutaris stultae mundi sapientiae voluerit copulare." ('Hy is deur 'n verskriklike visioen afgeskrik ... omdat hy die lig van die heilsbeginsel met die dwase wysheid van die wêreld wou verenig.')
- 3 Vergelyk onder andere Kelly (1975:42).

2. DIE RETORIESE WETENSKAP

Vir 'n definisie vir die term retoriek word hier by Kennedy (1980:3) aangesluit, naamlik: "It is that theory of discourse developed by the Greeks and Romans of the classical period, applied both in oratory and in literary genres, and taught in schools in antiquity, in the Greek and western Middle Ages, and throughout the Renaissance and early modern period." Die totale klassieke kommunikasiewetenskap word dus hier deur die term retoriek omsluit.

In die ontwikkeling van klassieke retoriek onderskei Kennedy (1980:16-30) drie aspekte, nl.: *tegniese retoriek*, waaruit die retoriese handboeke, gerig op praktiese onderwysing, sou voortvloei. Uit die drie faktore in 'n gespreksituasie, nl. *spreker*, *toespraak* en *gehoor* (soos geïdentifiseer deur Aristoteles - *Rhetorica* 1.3.1358a38) val die klem hier op die *toespraak* self. In die tweede aspek, naamlik *Sofistiese retoriek*, verskuif die fokus na die *spreker*. Dit is juis hierdie aspek, met al sy moontlikhede tot verfraaiing en stilistiese afronding, wat, volgens Kennedy, deur Christen-predikers soos Gregorius van Nazianzus en andere benut en soms misbruik is. Die Christendom sou veral sterk Sofistiese beïnvloeding ondergaan tydens die opbloeï van die Sofisme (die sogenaamde Tweede Sofistiek) in die eerste en tweede Christelike eeu. Derdens is daar filosofiese retoriek, wat, volgens Kennedy, by Socrates begin het. Hier word die belange van die gehoor op die voorgrond geplaas. Kennedy (1980:30) merk op: "The emphasis in philosophical rhetoric on what hearers should believe and should do parallels the rhetoric of religious movements like Judaism and Christianity."

Die ganse klassieke skoolstelsel, wat vir feitlik 'n duisend jaar redelik konstant gebly het, was via letterkundige onderrig gerig op die ideaal van welsprekendheid. Christen sowel as heiden het hierdie skoling deurloop. Sizoo (1952:50) verwoord dit: "Want het hoogste wetenschappelijke doel, dat men nastreefde, was de volmaakte welsprekendheid ... een man van ontwikkeling en beschaving is slechts hij, die spreekt en schrijft naar de regeln der rhetorica." Die groot klem op vorm en skoonheid in die klassieke retoriese wetenskap blyk uit Lactantius se *Divinae Institutiones* V,1, as hy in dié verband van die retore opmerk: "Hulle beskou inderdaad niks as die waarheid as dit nie aangenaam op die oor val nie en niks as geloofwaardig as dit nie genot kan bied nie, niemand weeg 'n saak op teen die waarheid nie, maar teen die bekoorlikheid (daarvan)' ("adeo nihil verum putant, nisi quod auditu suave est, nihil credibile, nisi quod potest incutere voluptatem, nemo veritate rem ponderat, sed ornatu"). Retoriek was egter nie bloot die wetenskap van skone

vorm nie, maar ook die wetenskap van effektiewe kommunikasie. Onder die uitstaande kenmerke van doeltreffende kommunikasie, die sogenaamde deugde van kommunikasie (*virtutes dicendi*), word in die vierde boek van die *Auctor ad Herennium* (± 100 v.C.), 'n retoriese handboek wat in die skole gebruik is, die deugde van korrekte taalgebruik (*latinitas*), duidelikheid (*explanatio*), en korrekte woordorde (*compositio*) uitgesonder. Hierdie eienskappe sal altyd onontbeerlik en kenmerkend wees vir doeltreffende kommunikasie. Veral die deug van duidelike oordrag (*explanatio*) sou 'n hoë prioriteit geniet in die werke van Augustinus. In sy *Enarratio in Psalmum 123,8* (P.L. t xxxvii, 6, 1644-1645), sê hy dan ook dat hy (wat hom taalkundig by die klassieke gehou het) selfs soms nie-Latynse woorde gebruik sodat hy verstaan kan word ("*saepe enim et verba non latina dico ut vos intellegatis*").

Hoe deurdrenk die kerkvaders met hierdie retoriese kultuur was, blyk uit 'n opmerking van Kennedy (1980:146) dat vyf van die vernaamste Latynse kerkvaders (Tertullianus, Cyprianus, Arnobius, Lactantius en Augustinus) professionele retore was voordat hulle tot bekering gekom het en dat Ambrosius, Hilarius van Poitiers en Hieronymus ook deeglik geskool was in die retoriese kunste.

3. DIE CHRISTELIKE BOODSKAP

Gekleed in nederige en soms lompe letterkundige vorm betree die Christelike Evangelie hierdie gekultiveerde retoriese wêreld van die klassieke era. Die eerste kennismaking met die Bybel in die oostelike deel van die Romeinse Ryk was in die vorm van die Griekse vertaling van die Ou Testament (Septuaginta) en die oorspronklike Griekse Nuwe Testament. In die Weste was slegs lompe woordelike Latynse vertalings van die Griekse Bybels beskikbaar. Die styl van hierdie literatuur was vanselfsprekend onaantwoordbaar vir die geleterde heiden. Norden (1958:517) merk in dié verband op: "ein nicht mit den Figuren der rede geschmücktes Werk hatte keinen Anspruch auf einen Platz in der Literatur ...".⁴ In sy *Confessiones* (III,v,9) bely Augustinus dan ook dat by sy eerste

4 Kyk ook De Labriolle (1924:16): "... the literary form of the Bible was a subject for astonishment in the eyes of the lettered pagans and became the pretext for scornful jestings without end." So ook Morrigiano (1963:82): "The Bible was no literature for the pagan.

kennismaking met die Skrif dit nie vir hom waardig geblyk het om vergelyk te word met die werke van Cicero nie ("cum adtendi ad illam scripturam, sed visa est mihi indigna, quam Tullianae dignitati compararem"). Ook Hieronymus bely in sy Epistula 32,30 dat wanneer hy die werke van die komediedigter, Plautus lees hy die Hebreeuse profete onverkwiklik vind. Lactantius merk in sy Institutiones Divinae V.1.15 op dat die Heilige Skrif nie geloofwaardigheid het by die leiers en geleerdes van hierdie wêreld nie ("apud sapientes et doctos et principes huius saeculi scriptura sancta fide care(a)t").

Die reaksie teen die afkeur aan hulle literatuur van die kant van die heidene het by vele Christene tot eksklusivisme gelei onder die vaandel daarvan dat hulle die navolginge van eenvoudige vissers was en dat hulle leer nie vir die wyses en verstandiges van hierdie wêreld bestem was nie. Norden (1958:543) wys daarop hoe Gregorius van Nazianzus (biskop van Konstantinopel in 381) deur 'n teenstander verwyt is omdat hy Hellenistiese retoriek die kerk ingedra het. Dié kritikus het hom na die eenvoudige vissers, wat die eerste verkondigers van die Evangelie was, verwys. Gregorius se gevatte antwoord was dat hy die vissers sou navolg indien hy, soos hulle, tekens en wonders ter beskikking gehad het. Nou het hy egter slegs sy tong gehad wat hy in diens van die Evangelie kon stel.⁵ In sy bekende werk oor die waarde van heidense literatuur vir Christelike jeug in 339⁶ vra die biskop van Sesarea in Kappadosië, nl. Basilius, as't ware om verskoning vir die ongekunstelde taalgebruik van die Skrif as hy sê: "Let not the singularity of the word cause you to laugh; do not mock at us if we conform not to your choice of words, and if we seek not to arrange them in harmonious fashion ..."⁷

Its Greek was not elegant enough."

5 Kyk Gregorius, Orationes 36,4, vol. 36,269 Migne.

6 Oor die presiese titel van hierdie werk is daar onsekerheid. Die meeste manuskripte noem dit, volgens Wilson (1975:8-9), 'n preek; ander noem dit 'n paraenesis, waarin raad gegee word. Volgens Wilson suggereer die inhoud dat dit tot protreptiese literatuur behoort met 'n aansporing tot filosofiese deugde. Dat dit wyd gelees is word bevestig deur die feit dat daar in die Bibliothèque Nationale te Parys alleen 26 kopieë ter beskikking is en in ander biblioteke tesame ± 100 kopieë (Kyk Wilson 1975:14).

7 Vertaling deur De Labriolle (1924:107)

Die Christelike literatuur het hom egter ook op ander gebiede van die heidense wêreld onderskei. Teenoor die vryheid van die heiden ten opsigte van sy gode (Norden, 1958:451, merk op dat selfs in die klassieke bloeitiedperk die heidense gode en hul gesagsfere nie vas bepaal was nie) en godsdiens bring die Christelike Evangelie absolute gesag. In dié opsig haal Norden (1958:451) Tertullianus aan as laasgenoemde sê dat ons (die Christene) die apostels van die Here as gesagsdraers het. Hierdie apostels het self nooit enigiets na willekeur gekies om te verkondig nie, maar die leerstellings wat hulle van Christus ontvang het getrou aan die volkere verkondig (“habemus auctores, qui nec ipsi quicquam ex suo arbitrio quod inducerent elegerunt, sed acceptam a Christo disciplinam fideliter nationibus assignaverunt”).⁸

Die uitstaande voorbeeld (*exemplum*) van absolute verset teen die ganse heidense kultuur in die Weste was juis Tertullianus van Karthago. In sy *Epistula* 84,2 maak Hieronymus melding van hierdie vurige man (“ardens vir”) wat in vlammende taal gepreek het. Tertullianus, wat deur kenners as skepper van Christelike Latynse woordeskat beskou word,⁹ kom tot bekering tydens die jare van hewige Christenvervolging en geloofstryd van binne en buite die kerk. Van hierdie kerkvader merk Hagendahl (1983:13) tereg op: “In ihm verkörpert sich die Unerbittlichkeit der Zeit. Er blieb immer ein kämpfer.” Uit die pen van hierdie briljante fanatiese-kerkvader vloei krasse uitsprake voort, soos: ‘Wat het Athene en Jerusalem met mekaar te doen? Wat het ketters met Christene te make?’ (*De Praescriptione Haereticorum* 7,9 - “Quid ergo Athenis et Hierosolymis? quid haereticis et christianis?”), asook: ‘Ons het geen behoefte aan nuuskierigheid ná Christus Jesus nie en geen behoefte aan soeke ná die Evangelie nie’ (*De Praescriptione Haereticorum* 7,12 - “nobis curiositate opus non est post Christum Jesum nec inquisitione post evangelicum”). Uit Tertullianus se pen sou die paradoks van die Christelike boodskap in ’n heidense wêreld, wat daarvoor weinig begrip gehad het, telkens beklemtoon word. ’n Voorbeeld hiervan is sy *De Carne Christi*, 5, waar hy skrywe dat hierdie boodskap geloofwaardig is aangesien dit nie sin maak nie en vasstaan aangesien dit onmoontlik is (“credibile est, quia ineptum est; certum est, quia impossibile est”).

8 Kyk *De Praescriptione Haereticorum* 6.

9 Kyk onder andere Norden (1958:610).

Bogenoemde feitlik fanatiese afwysing van alles wat heidens is, is moeilik verstaanbaar vanuit moderne oogpunt. Indien hierdie afkeurende houding teenoor die heidense kultuur egter kontekstueel verreken word, word dit meer verstaanbaar. So deurdrenk was ook die Christene van die heidense invloed dat hulle self nie maklik kon onderskei tussen wat Christelik was en wat heidens was nie. In Augustinus se *Confessiones* VI,2 lees ons byvoorbeeld hoe Augustinus se moeder, Monnica deur Ambrosius daarop gewys word dat die bywoning van maaltye ter ere van 'heilige' afgestorwenes 'n heidense instelling was. Sy was gewoon om hierdie maaltye met 'n vriendin by te woon sonder om die implikasies daarvan te besef. Vir die Christene was die gode van die heidene nie, soos vir die Christen van ons tyd, blote mitologiese gode nie. Hulle was vir vele Christene bose geeste (demone) van 'n laer orde wat werklik bestaan het en waarmee kontak vermy moes word. Jones (1963:20) merk in dié verband op: "Christians regarded the old gods with fear and aversion: they were evil and active demons and any contact with them was dangerous. This being so, many believers felt that classical culture, permeated as it was with paganism, was to be rejected in toto ..."

4. SOEKE NA SINTESE

Reeds teen die einde van die klassieke periode het die retoriek, volgens Sizoo (1952:59 e.v.), sy vroeë inhoudelike krag verloor. By gebrek aan inhoud het die retoriese wetenskap verval in 'n dekadente woordkultus. "Het ging hoe langer hoe meer uitsluitend om de fraaie vorm met verwaarlozing van die belangrikheid van inhoud ...", merk Sizoo (1952:59) op.¹⁰ Wat inhoud betref, het die Christelike Evangelie, volgens De Labriolle (1924:6), die nodige nuwe passie en idealisme gebied. 'n Soeke na 'n sintese tussen die skone retoriese vorm en die nuwe Christelike inhoud was dus onvermydelik.

Wat die heidense kommunikasiewetenskap betref, sonder Norden (1958:460 e.v.) verskeie aspekte uit wat teen die einde van die antieke bloeitydperk 'n rol sou speel in die latere rol van dié wetenskap as uitdraer van die Christelike boodskap. Eerstens het die antieke individualisme en nasionalisme (veral in die Weste) teen die einde van die antieke bloeitydperk begin kwyn

10 Vergelyk ook Norden (1958:460) in dié verband.

en die meer universele gerigtheid het aansluiting gevind by die Christendom wat van meet af aan, volgens Norden (1958:455), oor kultuurgrense heen beweeg het. Verder het die meer somber aspekte van die heidense literatuur, veral ná die bloeitydperk, aanklank gevind in die Christendom. Norden (1958:455) stel dit: "Der welflüchtige Gedanke nach dem das irdische Leben das jammertal war, gab jene einen ernsten, die unantike Tugend der Entsagung einen schwermutsvollen Charakter." Sizoo (1952:32 e.v.) wys ook op die groot invloed wat die heidense filosofie, veral van neo-Platonistiese kant, gespeel het in die toenadering tussen heidense kultuur en Christendom. So beweeg ook die heidense filosofie geleidelik, volgens Sizoo, in die rigting van monoteïsme en is daar 'n beweging weg van panteïsme. Hierdie ontwikkelinge op filosofiese gebied sou 'n platform vir onderhandeling tussen heidense kultuur en die Christelike boodskap vorm.

4.1 Die Ooste en die Weste

Hagendahl (1983:84) merk op dat die houding in die Griekse oostelike deel van die Romeinse Ryk van meet af aan meer onbevange en positief teenoor die klassieke kultuur was as in die Weste. Hier was Origenes, volgens Norden (1958:549), die eerste prediker wat die klassieke retoriek ten volle benut het. Teen die einde van die derde eeu bereik die invloed van die Tweede Sofistiek hier 'n hoogtepunt. Die beduidendste opvolgers van Origenes, naamlik Basilius die Grote, Gregorius van Nazianzus en Johannes Chrysostomus, was, volgens Norden (1958:551), almal deeglik geskool in die retoriek. Norden vervolg deur daarop te wys dat Libanius, die heidense leermeester van die mees uitstaande onder die genoemde Christen-predikers, Johannes Chrysostomus, op sy sterfbed opgemerk dat laasgenoemde die waardigste van al sy leerlinge was om hom op te volg as die Christene hom nie gesteel het nie. Teen die einde van die vierde eeu was daar, volgens Sizoo (1952:39), geen weerstand meer in die Ooste teen die Griekse kultuur en dus ook teen die gebruik van retoriek deur Christen-predikers nie. De Labriolle (1925:25) beklemtoon die beduidende rol wat die geskrif van Basilius die Grote, waarna reeds hierbo verwys is,¹¹ in hierdie versoeningsproses tussen heidense kultuur en Christelike boodskap in die Ooste gespeel het. Hierin wys hy die jeug op die waarde van klassieke

11 Kyk p.4 hierbo.

skoling vir die Christen. Volgens De Labriolle het hierdie werkie veral later in die Renaissance heelwat aandag geniet.¹²

In die Weste het Christelike literatuur eers op 'n heel later stadium (\pm 200) verskyn. Jones (1963:17 e.v.) wys tereg daarop dat die Evangelie sy beslag in die Ooste verkry het en dat die eerste sendelinge na die Weste hulle aanvanklik slegs op Griekse kolonies toegespits het. Tot in die derde en vierde eeu is Grieks nog, volgens Jones, in die Romeinse kerk gebruik. Volgens Jones (1963:17) het die Latynsprekende Christendom in die Weste eers teen die einde van die tweede eeu in Karthago begin. Sizoo (1952:20 e.v.) wys verder op die sterk weerstand aan die kant van die Romeinse adelstand in die Weste teen enigiets wat die tradisionele waardes van die Romein kon aantas. Die veelgodedom, met die ferment van die oud-vaderlandse letterkunde, sê Sizoo, was immers nog die offisiële staatsgodsdienst. Hier sou die senaat, met as laaste simbool van die Romein se tradisionele waardes die altaar van die godin Victoria in die vergadersaal van die senaat, nog vir dekades weerstand bied teen alles wat nie-Romeins was nie. Die sterk weerstand van die kant van die Romeinse senaat teen alles wat nie-Romeins was nie, word nog beter verstaanbaar as in aanmerking geneem word dat die Romeinse Ryk hier, veel erger as in die Ooste, deur die barbaarse magte bedreig is. So merk Momigliano (1963:12 e.v.) op dat daar teen die einde van die vierde eeu aan die kerk, met sy vermoë om oor kultuurgrense heen te beweeg, opdrag gegee is om nie alleen duiwels uit te drywe nie, maar ook om die barbare te tem.

4.2 Oordrewe klem op retoriek

Tydens die soeke na 'n sintese tussen Christelike boodskap en klassieke retoriese vorm, was een van die groeipyne, veral in die Ooste, 'n oordrewe retoriese verfraaiing van preke deur Christen-predikers. In die Ooste is dit veral, volgens Norden (1958 e.v.), Johannes Chrystostomus wat hom skerp uitspreek teen hierdie oordrewe verfraaiing van preke volgens profane Sofistiese model, asook teen die dawerende applous (Beifallklatsen) wat op hierdie preke gevolg

12 Volgens Wilson (1975:15) merk o.a. Mabillon, grondlegger van die diplomatieke wetenskap, in sy *Traité des études monastiques* (deel ii, hoofstuk 11) op dat dit die beste stellingname is uit die pen van die vroeë kerkvaders rakende die gepaste plek van die Klassieke in Christelike opvoeding.

het en waarna die Christen-predikers hartstogtelik gestreef het. Volgens 'n vertaling van Norden (1958:552) van sy hom. 30 in act. apost. c.3. laat Johannes Chrysostomus hom soos volg hieroor uit: "wenn ihnen von der Menge Beifall geklatscht ist, so ist ihnen das ein Königreich wert; wenn sie aber unter Schweigen die Rede beendet haben, so sind sie, darüber verzweifelter als über die Hölle." In die Weste het veral Augustinus hom skerp uitgespreek teen hierdie oordrewe verfraaiing van preke. Clarke (1933:152) haal Augustinus se *De Doctrina Christiana* (IV,xiv.31) in dié verband aan. Hierin bied Augustinus 'n voorbeeld van retoriese oordrywing as hy 'n onbekende prediker van sy dag se inleiding tot 'n preek oor die bruilof te Kana soos volg weergee: "Inter aestuosa et ripis tumentia flumina quibus avida terrarum viscera fecundantur siccus noster palpatit sensus" ("Te midde van strome bruisend en swellend met waterstrome waarmee die gulsige ingewande van die aarde gevoed word, klop ons dorstige siele angstig voort).

4.3 Skisofreniese ingesteldheid by geletterde Christene

Die ingesteldheid van die kerkvaders teenoor die klassieke kultuur en veral die klassieke retoriek vertoon 'n skisofreniese karakter. In teorie word al wat heidens is ten sterkste afgewys, maar in die praktyk word retoriese beginsels in die fynste besonderhede toegepas. In sy *Confessiones* (I,XII,21) bely Augustinus byvoorbeeld sy sonde dat hy op skool geweet het oor die dood van Dido wat selfmoord gepleeg het uit liefde vir Aeneas (*Aeneis* IV) terwyl hyself (Augustinus) nie sy eie sondes beween het nie. In die neerskrif van hierdie belydenis wemel dit egter van retoriese stylfigure, soos byvoorbeeld die herhaling van dieselfde woord in verskeie vorme by wyse van sunkrisis ("*miserius misero ... miserante*"), die negatiewe stelling van 'n saak om groter klem daaraan te verleen by wyse van litotes ("*non miserante*") en metafore as hy God byvoorbeeld die lig ("*lumen*") van sy hart noem en die brood van die inwendige mond van sy siel ("*panis oris intus animae meae*"). Marrou (1958:533) spreek dan ook met reg sy verbasing uit oor hierdie teenstrydigheid tussen teorie en praktyk by Augustinus asook die gewetensgemak waarmee hy dit duld, as hy sê: "On souligne volontiers aujourd'hui un contraste, un contradiction, entre sa théorie et sa pratique de L'éloquence; on s'étonne de L'inconscience avec laquelle il L'a tolérée." Selfs as modelle vir hul geskifte het die vroeë kerkskrywers teruggegryp na uitstaande werke uit die pagane verlede. Hagendahl (1983:25) wys byvoorbeeld daarop hoe Minucius Felix, wat sy Octavius reeds vroeg in die derde eeu die lig laat sien het, Cicero se *De*

Natura Deorum as model daarvoor gebruik het. Die vierde boek van Augustinus se *De Doctrina Christiana* (die eerste Christelike homilietiek) is, volgens Norden (1958:46), ontseeglik op Cicero se *De Oratore* gegrond.

Lactantius (250-320), wat volgens Hagendahl (1983:44 e.v.) tydens die Renaissance vereer is as die Christelike Cicero, was een van die baanbrekers wat die noodsaaklikheid van die heidense, wetenskaplike opvoeding en benutting van retoriese beginsels vir Christene ingesien het. In sy *Divinae Institutiones* 5,1,11 sê hy onomwonde dat die profane literatuur nie alleen geen skade aan godsdiens en 'n sin vir geregtigheid kan berokken nie, maar, indien dit reg benut word, selfs van baie groot nut kan wees ("ut iam scientia litterarum non modo nihil noceat religioni atque iustitiae, sed etiam prosit quam plurimam ..."). Van Lactantius se benutting van die retoriek merk Hagendahl (1983:12) tereg op: "Er legt grossen Wert auf seine rhetorische Geübtheit, die ihm gestattet, mit grösserer Beherrschung der Sprache für die Wahrheit anzutreten ...". In sy *Divinae Institutiones* 313 stel hy dit as ideaal om die Christelike boodskap in aanvaarbare styl aan intellektueles te skrywe. In sy *Epistula* 70 slaan ook Hieronymus 'n heel ander toon aan as in sy bovermelde *Epistula* 22, waarin sy droom verhaal word. In genoemde *Epistula* 70 antwoord hy 'n vriend, Magnus, wat hom daarvan beskuldig het dat hy, ten spyte van sy droom, weer die kerklike reinheid besoedel het met heidense literatuur. Sy verweer is dat die Israeliete ook gevange slavinne hul eiendom gemaak het nadat hulle hare en naels versorg was. So kan die heidense letterkunde ook Christelik benut word nadat dit van heidense afgodery en wellustigheid gereinig is. Die locus classicus in dié opsig is Augustinus se *De Doctrina Christiana* 2,40:60-61, waarin hy sê dat net soos die Israeliete goud en silwer uit Egipte geneem het en in diens van die heiligdom gebruik het, so kan sekere waarhede uit die heidendom deur die Christene benut word.¹³ In sy *De Doctrina Christiana* 2,40,61 erken Augustinus dat al sy voorgangers en kontemporêre kollegas hul sakke volgestop het met gebruiksmiddele uit die heidense kultuur: 'Want wat anders het vele andere van ons goeie gelowiges gedoen: ons sien mos met hoeveel goud en silwer en kledingstukke in sy sak Cyprianus Egipte verlaat het ...? Met hoeveel Lactantius, met hoeveel Victorinus, Optatus, Hilarius, om nie eers te

13 Volgens Sizoo (1952:104) is hierdie beeld vir die eerste keer in Christelike literatuur deur die kerkvader Origenes gebruik in sy brief aan Gregorius Thaumaturgus.

praat van diegene wat nog lewe nie? In watter groot mate ontelbare Grieke (hulle sakke volgestop het)?

("Nam quid aliud fecerunt multi boni fideles nostri? nonne aspicimus, quanto auro et argento et veste suffarcinatus exierit de Aegypto Cyprianus ...? quanto Lactantius, quanto Victorianus, Optatus, Hilarius, ut de vivis taceam? quanto innumerabiles Graeci?"). In Augustinus se wetenskapsbeskouing in *De Doctrina Christiana* II,28 e.v. word retoriek dan ook as 'n vak wat nuttig is vir die verkondiging van die Skrif geïnkorporeer. Die aanvanklike teenstrydigheid tussen teorie en praktyk het dus begin plek maak vir 'n sintese.

5. SLOTOPMERKINGS

Van 'n ware skeiding tussen die retoriese wetenskap en Christelike prediking en geskrifte was daar in die praktyk dus nooit werklik sprake nie. Die stryd was veel eerder een wat gewoed het in die gewetens van die Christen-geleerdes om die skynbaar onversoerbare pole met mekaar te verenig. Vanuit Christelike oogpunt gesien, moes die besondere openbaring en die algemene openbaring met mekaar versoen word in die gewetens van die kerkvaders. Wat wel die geval was, was dat die wetenskap van welsprekendheid in hierdie proses sy heidense egoïstiese ingesteldheid op bloot die versierende en indrukwekkende prysgegee het en diensbaar geword het as uitdraer van die Christelike boodskap. Die retoriese en literêre wetenskap is dus wel deur die Christendom benut, maar met die Skrif as norm. Eers in die vyfde eeu sou daar deur die Christendigers Prudentius en Paulinus van Nola sonder gewetenswroeging met die bruikbare uit die heidense wetenskap omgegaan kon word. Hagedahl (1983:93) verwys in dié opsig dan ook na Paulinus van Nola (*Epistula* 16,11) se opmerking dat die Christendom deurgaans van die klassieke literatuererfenis gebruik gemaak het soos daar gebruik gemaak word van die wapens wat van 'n vyand geroof is ("*linguae copiam et oris ornamentum quasi quaedam de hostilibus armis spolia.*") Thomson (1969:ix) merk tereg in dié verband op: "The change from paganism to Christianity is not a breach with the past, but only the last stage of a development which reached its ideal completion when the far-off successor of Aeneas bowed the knee to Christ."

Om egtër te beweer dat alle wrywing tussen die Christendom en die klassieke profane wetenskap totaal opgehef was sedert die vyfde eeu sou nie juis wees nie. Selfs teen die einde van die sesde eeu berispe dus Gregorius die Grote nog die biskop van Weenen omdat hy grammatika onderrig ten spyte

van die feit dat lof aan Christus en lof vir Jupiter nie uit dieselfde mond mag kom nie.

Bibliografie

Bloch, H.

1963. *The Pagan Revival in the West at the end of the Fourth Century in Momigliano, A. The conflict between paganism and Christianity in the fourth century.* Oxford: Clarendon Press.

Clarke, M. L.

1933. *Rhetoric at Rome.* Cohen and West Ltd.: London.

De Labriolle, P.

1924. *History and literature of Christianity from Tertullian to Boethius.* London: Kegan Paul.

Deferrari, R. J.

1928. *Saint Basil - the letters.* London: William Heinemann.

Fontaine, J.

1981. *Naissance de la Poésie dans l'Occident Chrétien.* Paris: Études Augustiniennes.

Geelhoed, J.

1952. *Augustinus.* Oosterbaan & Le Caintre: N.V. Goes.

Hagendahl, H.

1983. *Von Tertullian zu Cassiodor.* Göteborg: Sweden.

Jones, A. H. M.

1963. *The social background of the struggle between paganism and Christianity in Momigliano. The conflict between paganism and Christianity in the fourth century.* Oxford: Clarendon Press.

Kelly, J. N. D.

1975. *Jerome, his life, writings and controversies.* Duckworth and Co. Ltd.: London

Kennedy, G. A.

1980. *Classical rhetoric and its Christian and secular tradition from ancient to modern times.* Groom Helm: London.

Leeman, A. D.

1963. *Oratorum Ratio.* 2 Volumes. Amsterdam: Adolf M. Hakkert.

Marrou, H.-I.

1958(1938). *Saint Augustin et la fin de la Culture Antique*. 4e édition. Paris: Éditions E. De Boccard.

Momigliano, A.

1963. Pagan and Christian Historiography in the fourth century A.D. in Momigliano. *The conflict between paganism and Christianity in the fourth century*. Oxford: Clarendon Press.

Norden, E.

1958. *Die antike Kunstprosa*. (Erster Band). Teubner Verlagsgesellschaft: Stuttgart.

Wilson, N. G. (ed.)

1975. *Saint Basil on the Value of Greek Literature*. Duckworth: London.

Sizoo, A.

1952. *Het oude Christendom in zijn verbouding tot de Antieke Cultuur in Fundamenta*. Amsterdam Uitgeverij.

1952. *Geschiedenis der Oud-Christelijke Griekse Letterkunde*. Haarlem: De Erven.

1965. *Augustinus Belydenissen*. Uitgeverij Het Spectrum: N.V. Utrecht.

Thomson, H. J. (ed.)

1969(1949). *Prudentius*. 2 Vols. (Loeb Classical Library) Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Thompson, E. A.

1963: Christianity and the northern barbarians in Momigliano. *The conflict between paganism and Christianity in the fourth century*. Oxford: Clarendon Press.